

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

**GENADE,
ONBESKRYFLIK
GROOT!**

Dit is hoe Andries en Ellerie Kruger die aanvanklike nagmerrie wat Saterdag tydens die Hoërskool Heilbron (HSH) se sportdag plaasgevind het, opsom.

Die egpaar se seun, Frikkie, 'n leerder aan die HSH, is tydens 'n rugbywedstryd beseer en groot kommer het geheers toe hy aanvanklik alle gevoel in sy liggaam verloor het.

Die besering het die gevolg ná 'n laagvat op Frikkie. Hy het vir die HSH se tweede span teen die Hoërskool Riverside gespeel toe die ongeluk gebeur het. Die skeidsregter het die wedstryd onmiddellik gestop en paramedici het die nodige hulp aan Frikkie verleen. Die aard van sy besering was op daardie oomblik van só belang dat daar besluit is om 'n helikopter te onbied. Terwyl daar op dié mediese dienste gewag is, het mede-spanmaats, toeskouers en ander omstanders begin om groepies te vorm en vir

Frikkie te bid. “Oral waar ek gekyk het, het mense hande gevat en Jesus se Naam aangeroep,” het Ellerie vertel. “God se teenwoordigheid was duidelik sigbaar,” het sy bygevoeg.

'n Netcare-helikopter het vir Frikkie na die Alberton Netcare-hospitaal geneem waartydens verskeie toetse op hom gedoen is. Daar het hy ook intussen begin om sy gevoel terug te kry. Toetse het getoon dat sy rugstring tydens die laagvat gerek het en dat sy liggaam in skok gegaan het, wat veroorsaak het dat hy sy gevoel verloor het. Drie dae later is Frikkie ontslaan en hy sterk tans tuis aan. Sy ouers is vol lof vir die gemeenskap en omgewing se ondersteuning. “Ek het boodskappe van bemoediging gekry vanuit Frankfort, Vrede, Bethlehem en mense wat ons nie eers ken nie doen steeds navraag oor sy welstand,” aldus Elerie.

Sy verduidelik voort dat hulle uit hierdie hele ervaring gevind het dat Frikkie en dit wat met hom gebeur het, deel van God se groter plan is. “Hy was ’n instrument in God se plan om Heilbron tot stilstand te bring,” vertel sy. “God het groot planne vir Heilbron en sy mense. Ons moet terugdraai na Hom.”

Die Krugers het hul opregte dank aan die personeel van die HSH uitgespreek. “Mnr. Lütke van Dorssen en Wessel Pieters was vir ons goud werd.” Sy het ook die mediese personeel, mnr. Dawid Rossouw, alle vriende en familie, die gemeenskap en ander belangstellendes opreg bedank. “Dankie dat julle nie net my kind op die hande gedra het nie, maar julle oor ons hele gesin ontferm het. Dit is 'n voorreg om deel van ons gemeenskap te wees.”

Frikkie het ná sy ontslag vinnig by die HSH se koshuis ingeloer en trane van blydschap het oral gevloei. Alhoewel sy vinnige vordering as 'n wonderwerk beskou word, lê daar nog 'n verpad met die dokters voor, voordat hy weer vir sy span op die veld sal kan uitdraf.



WON THT 11:00-21:00
WED THU 18:00 - 21:00
FRI SAT 16:00 - 22:00
SUN 18:00 - 21:00

Please note kitchen
closes 1 hour before
closing time.

EST. 2021

OJ'S
— ON LONGMARKET —



BURGER SPECIAL

EVERY WEDNESDAY
2 X 150g CLASSIC BEEF BURGERS FOR ONLY R150.00

**ADD ANY OF OUR GOURMET BURGER TOPPINGS
FOR R25.00 EXTRA PER BURGER**



Please note dishes are prepared in the kitchen with the following allergens: Peanuts, MSG, Gluten, Sesame, Tree Nuts

Follow us on @OISONLONGMARKET

CALL US: 038 842 1310



PRODUKSIEVEILING

21^{ste}



Don. 16 JUNIE 2022 – 11:00

Sunnyside, Heilbron 053 327 2041/327 58700

15 Bulle
(Fase D getoets)

300 Vroulike diere
(alle produksiestadio)




Genetika Opgesluit



NAVRAE:

Jan Grobbelaar 060 965 6207
 Hugo Groenwald 082 569 7205
 Bennie Steenkamp 082 328 4998


Wesvleis, Vleisvrou en Marbont wil graag verspreide pers. Korbart, Kapt en Inneerbuurde is belangrik op eëling teëksaam. BTH is brenkade. FICA, Devis van
 Wessvleis, Vleisvrou en Marbont wil graag verspreide pers. Korbart, Kapt en Inneerbuurde is belangrik op eëling teëksaam. BTH is brenkade. FICA, Devis van

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae – Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
 Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



The Trusted Name of Agriculture
 Die Betroubare Naam van Landbou

www.bkb.co.za



Met brandstof wat 1 Junie 'n rekord hoogte bereik het, sal motoriste twee keer moet dink voor hulle die paaie aandurf. Motoriste het Dinsdag tou gestaan by Total Heilbron en ander viustasies in die dorp. Min is tevrede met die tesourie se besluit om nog twee maande lank 'n brandstofheffing vol te hou. Die impak van die verhoogte brandstofprys op direkte insetkoste is wesenlik, vertel Johan du Toit ekonoom. Daar was gevrees dat motoriste tot R4.00 meer vir petrol sal moet betaal, terwyl diesel met 'n verwagte R2.50 sou styg. Daar is wel 'n bietjie goeie nuus na die



algemene brandstofheffing in Junie van R1.50 per liter, dat dit in Julie die met 75c sal verminder word. Dit bring 'n klein bietjie verligting vir motoriste.
Jy betaal nou vir ULP 95 - R24.17,
ULP 93 - R23.94, 10 PPM - R24.44
50PPM - R24.32.

BEGROTING: GROOT TEKORT

Ngwathe se nuwe begroting toon nie genade aan verbruikers nie, en opposisiepartye het daarteen gestem. Dis egter aanvaar.
Ngwathe se munisipale belasting styg met 4.8% (onderhewig aan 'n 10% afslag op sakepersele) en munisipale dienstariewe (soos water, riool, en vullisverwydering) met 6.0%, behalwe elektrisiteit - agv verdere groot Eskom-verhogings styg dit met 12.8% (mits Nersa dit goedkeur). Totale bedryfsuitgawes van R937 miljoen word beplan, asook kapitaalbesteding (dws uitgawes op vaste bates) van R135m. Met beplande bedryfsuitgawes van net meer as een miljard rand, laat dit 'n bedryfstekort van R75m. “Dis enorm en ontoelaatbaar,” het Rdl Arnold Schoonwinkel namens die DA gesê, “en ons sal dit nie steun nie.”
Hy het gevra dat die Finansiële Komitee onmiddellik begin werk aan 'n ingrypende Ekonomiese Herstelplan. Daar is reeds verlede Mei daarop besluit, “maar min het nog daarvan gekom.” Schoonwinkel het gesê die Herstelplan moes uitspel hoe om alles gedoen te kry met minder geld, deur vrugtelose en onproduktiewe uitgawes asook korrupsie hok te slaan. Hy het bygevoeg die Herstelplan moes ook maniere vind om 'n inkomste te verdien uit Ngwathe se talle onbenutte bates. Hieronder tel die Mimosa-tuin, Parys se ou hidro-elektriese kragstasie, kwekerye, Heilbron se ontspanningsoord, en verhuurbare munisipale behuising en persele oral. “Ons moet ons sakelui onmiddellik hierby betrek.”
Burgemeester Victoria de Beer het gesê Ngwathe se geldprobleme moet nie sy groot potensiaal oorskadu nie. Sy het 'n aantal nuwe inisiatiewe in die vooruitsig gestel met beter infrastruktuur en ekonomiese groei deur beleggings as oogmerke. Dit sluit in 'n gespesialiseerde eenheid wat sal fokus op die werwing van nuwe belegging, asook vennootskappe met universiteite om

tegnologie te benut in diens van ons gemeenskappe. Sy wil meer doen om die gemeenskap, veral jongmense, te help baat by die vierde digitale revolusie. Sy het gesê haar administrasie werk aan maniere om die enorme agterstallige Eskomskuld te hanteer.
Die DA het Burgemeester De Beer se inisiatiewe geloof, en volle steun daarvoor uitgespreek. “Maar dit beteken nie ons kan hierdie begroting ondersteun nie.”
Ook Rdl Phillip van der Merwe (Vryheidsfront Plus kousleier) het gesê hy is beïndruk deur burgemeester De Beer se voorstelle, maar beskou dit ook as ambisieus en dit sal harde werk en streng beheer verg om dit tot uitvoering te bring. Veral gevolgsbestuur sal opgeskerp moet word sodat swak prestasie van amptenare nie ongestraf gelaat word nie. Hy het daarop gewys dat steeds heelwat te veel geld op onproduktiewe sake soos spyseniering en byeenkomste spandeer word.
Alhoewel die matige styging in tariewe verwelkom word, was dit egter nie genoeg om die VF Plus die begroting te laat goedkeur nie. Hy het ook weereens daarop gewys dat die tariefstruktuur steeds onredelik, moeilik verstaanbaar en op plekke self sinloos is ten spyte daarvan dat die VF Plus lank reeds sterk aangedring het dat tariefstrukture hersien word voordat die huidige begroting oorweeg word, maar dit het nie gebeur nie. As voorbeeld het hy genoem dat besighede R13,56 vir water betaal terwyl alle ander verbruikers slegs R11,69 betaal. “Ek kan geen basis vind waarop die verskil geregverdig of verduidelik kan word nie” sê raadslid Van der Merwe.
Die volledige nuwe begroting behoort vandag reeds op Ngwathe se munisipale webtuiste te wees. Herald sal aanstaande week die tariefskale publiseer wat vanaf 1 Julie geld.

Uit die pen:



die geraasvlakke beheer tot waar ons kan. Hou links op die stoepe en daar is op- en af trappe.
My mond hang oop toe die klok lui wat die volgende periode aankondig: party drentel, ander hol by jou verby, iemand druk jou met 'n tas dwarsdeur jou niere en drie ander skree vir hulle maats aan die oorkant in die ander gebou.
Hulle sit nie soos die leerders waaraan ek gewoond is nie. Hulle bedruip hulle stoele. Daar is nie regtig 'n ander manier om dit te beskryf nie. Iemand hang oor die agterkant van sy stoel, 'n ander een sit met altwee haar voete op haar stoel terwyl sy haar toonnaels verf. Iemand ry op syne. 'n Ander een staan sommer. Dis net 'n Babelse verwarring. Vir my. Nie vir hulle nie.
Die onderwyseres met wie ons Die Projek doen gee een of ander gesondheidstudie. Ek kan nie onthou nie. Sy het 'n konferensietafel waarom daar so 12 meisies sit. Almal met wisselende haarstyle. Gekam, ongekam, vas, los, gekrul sodat daar net 'n kennebak uitsteek, reguit met een oog wat deur die kuif loer, pers of oranje, groot oorbelle, klein oorbelle, geen oorbelle, skoolklere, kisklere, vreeslike klere, die hele toetie.
Pouse gaan almal na die kantien met heerlike kos om van te kies: pizza, hamburgers, gesonde kos en ander lekkernye. Elkeen gryp 'n skinkbordjie en laai kos op. Die projek betaal vir ons skoolkos.
Die Engelse bevolking is effens omgekrap: daar was die vorige week 'n moord: 'n jong vrou is dood aangetref. Sy is vermoor. Die polisie is blykbaar warm op die spoor van die moordenaar. Die vorige moord was so ses maande gelede.
Waaroor ontstel julle jultself so, wonder ek? In SA is dit deel van ons bestaan. Dit klink soos oorlog op die Kaapse Vlakte, mense steel mekaar se karre, en as jy nie joune wil laat gaan nie, slaan hulle jou oor die kop of maak jou dood. Wat ookal die maklikste is vir die booswig. En nee, hulle word gewoonlik nie opgespoor nie, tensy die familie van die slagoffer hoë bome is. Ons het dit onlangs gesien in die Gardee-saak. Vir ons is dit normaal.
Wanneer ons 'n diefstal of inbraak gaan aanmeld, reken die polisie dat dit 'n inside job is, en doen nie eintlik iets daaraan nie. Onlangs is ons stokou bakkie uit ons erf (met twee gemotoriseerde hekke) gesteel. Goeie man het dit gaan aanmeld en 'n week daarna 'n sms vanaf die SAPD gekry waar die saak afgehandel is. Nie opgelos nie, afgehandel. Dan hoef ons nie verder te soek nie.
Iedereval: ons moet werk terwyl ons daar is, en ek bied 'n les in Sosiologie aan. Eerstens weet ek nie eers wat presies Sosiologie is nie, tweedens is die leerders nie primêr daar om te leer nie. Toe gee ek maar die misdaadstatistiek in SA. Hulle is so banggepraat om in SA te kom vakansie hou dat hulle sekerlik steeds koue rillings kry wanneer iemans ons land se naam noem.
Deel van die projek was mos om items te maak wat by 'n opwipwinkel in 'n groot inkopiesentrum daar naby verkoop sou word. Ons het die items gekies wat darem verkoopbaar sou wees: iemand het plakkies van ou motorbande gemaak. Daar was matjies en ander items gehekel van ou inkopiesakke. Dit was te koop aangebied. Ek weet nie wat is uiteindelik verkoop nie.
Een aand gaan ons in 'n pub eet, en ons gashere vertel dat kinders onder 18 nie in die openbaar mag drink nie. As jy 16 of 17 is, en vergesel is van 'n volwassene, mag jy alkohol met 'n ete in die openbaar gebruik maar dit nie koop nie. Onder 16 mag jy na 'n pub toe gaan, maar jy moet vergesel wees van 'n volwassene.
Gits, dis baie reëls om te onthou.
Tot volgende week.

WEEK 22 VAN 2022

Ons skool het 'n werksooreenkoms met 'n skool naby London wat uit Die Projek gespruit het. Ons woon vir 'n week die skool by.
Hulle skool is in 1911 gebou, 'n imposante rooibaksteengebou op gronde van amper 90 000m2. Daar is later jare aangebou, maar die hoofgebou pronk nog in sy oorspronklike vere. Die skool huisves leerders vanaf 11 jaar tot 17 jaar. Ek probeer my bes, maar ek verstaan steeds nie “year 7”, “sixth form”, “A-levels” en dies meer nie.
Die argitek se planne is by die Royal Society uitgestal en is as die ideale skoolontwerp en -konstruksie beskryf. Met die opening van die skool in 1911 was daar maar 79 leerders. Die eerste aanbouings was in 1933, en die planne daarvan is deur die oorspronklike argitek opgetrek.
Die Great Hall van die skool het 'n pragtige plafon met uitgekerfde vrugte en 'n boog op die verhoog waarin daar 'n sluitsteen pryk. Weerskante hiervan is Toskaanse pilare. Blykbaar dra alles in die saal by tot die akoestiek van die saal. Die saal is wit, goud en ligblou. Soos in babablou. Vreemde kleur vir 'n skoolsaal, het ek in my enigheid gedink.
Die ou Gimnasium is in 'n Oorlogsbiblioteek omskep ter ere van agt mans, oud-leerders van die skool, wat in die eerste Wêreldoorlog in 1915, dood is. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is daar ongelukkig nog name by die lys van afgestorwenes geveg.
Volgens oorlewering het die skool 'n leidende rol in die oorlog gespeel: vlieëniers van die RAF het hierdie skool as baken gebruik wanneer hulle moes terugvlieg na hulle basis.
In 1952 is daar drie tennissbane, 'n fietsloods, 'n skietbaan en nuwe ingang gebou. Van hierdie word die tennissbane en die ingang steeds gebruik.
Aanvanklik was die skool in twee gedeeltes vir 'n dogters- en 'n seunskant, maar in 1988 is daar besluit om 'n gemengde skool, wat albei geslagte akkommodeer, te vorm. Aanbouings en veranderinge is aangebring wat £ 6 miljoen gekos het. Die aanbouings moes by die oorspronklike gebou aanpas.
By die skool waar ons vandaankom, stap leerders min of meer in rye en ons probeer

BRONNIE TJOMMIE WINTERSPORTDAG



Op Saterdag, 28 Mei 2022, het Hoërskool Heilbron hul grootste wintersportdag nog aangebied. Die jaarlikse Bronnie Tjommie Wintersportdag was 'n dag waar sport en

spangees geseëvier het. Donderdagoggend, 26 Mei 2022, het die aksie afgeskop toe al die sportspanne van die skool onder groot toejuiging op die verhoog bekend gestel is. Saterdagoggend

het uiteindelik aangebreek. Hoërskool Heilbron se skoolhoof het die voorreg gehad om die verrigtinge amptelik te open. Meneer Knight het dit op 'n spesiale manier gedoen en hierna het die spanne begin opdraf. Met die reuk van vroegoggend koffie, sosaties, pannekoek en vele ander eetgoed het Hoërskool Heilbron bewys dat hulle met enige "GROOT" skool se standaarde en gasvryheid kan meeding. Die dag was sowaar groter as nagmaal op Pofadder en 'n geleentheid waarop elke Heilbronner trots kan wees. Hoërskool Heilbron was gasheer vir 9 skole waarvan 93 netbalwedstryde, 27 rugbywedstryde en 'n hokkiewedstryd gespeel is.

Die skool se personeel en ouerkomitee het hard gewerk om voorbereidings te tref om die 1130 spelers en 150 afrigters te akkomodeer. "Die 1600 toeskouers wat die skool besoek het, het wel die bestuur se stoutste verwagtinge oortref." Hoërskool Heilbron se gemeenskap kyk met dankbaarheid terug na 'n baie geslaagde en geseënde Bronnie Tjommie Wintersportdag, en weet dat hulle kan voortbou en groei in die toekoms. "Baie dankie aan elkeen wat baie hard agter die skerms gewerk het, om hierdie prestige sportdag sy naam gestand te doen." Foto's erkenning: André Pretorius Fotografie.

SUKSESVOLLE VEILING AANGEBIED



Op 25 Mei het Stelena SAVM 'n veiling gehou op Nooitgedacht Oranjeville. Die duurste ram op die veiling was verkoop aan Mnr. Dawid Potgieter ter waarde van R52 000. Die gemiddeld op ramme was R19 035 en die gemiddeld op stoetooie was R4 760.

Kommersiële dragtige ooie was R3 870. Oop ooie was R2 780 en ooilammers was R3 000. BKB Frankfort hou uitstekende veilings met Mnr. Danie Strauss as afslaer. BKB het op hulle Facebook-blad elke koper en verkoper bedank wat gehelp het om die dag moontlik te maak.

CH

Tombstones
& Granite Works

Countertops &
Tombstone Factory

Granite * Marble * Quartz

082 318 8299

We have made it easier for you

SARS auto-assessment for personal income tax makes it easier for you to be compliant.

Auto-assessed taxpayers will be notified by SMS during July. These taxpayers will have 40 working days from date of notification to review and amend their assessment via eFiling, or the SARS MobiApp.

If a taxpayer does not receive the assessment notification, they need to ensure they have all supporting documents (e.g. IRP5 etc.) ready to submit their returns via eFiling, or the SARS MobiApp. To learn more about the 2022 Individual Filing Season visit sars.gov.za.

#YourTaxMatters

SARS.GOV.ZA

25 YEARS

ANNIVERSARY

At Your Service

SARS

At Your Service

VEEDIEFSTAL DUUR VOORT

Leon Engelbrecht was Dinsdag 24 Mei weereens die teiken van veediefstal. Elize Engelbrecht vertel dat dit die derde keer die jaar is wat daar skape by hulle gesteel is. “Die eerste keer is 120 skape gesteel, waarvan ons 109 teruggekry het, daarna op 13 Mei het hulle 18 skape gesteel waarvan ons geen teruggekry het nie, en nou weer 25 waarvan ons net twee teruggekry het. 11 skape was afgeslag en 12 net keel afgesny.” Die skape was gevind om en by 6 kilo’s van waar hulle slaap op die Edenville pad. Alhoewel hulle nie weet wie die skape gesteel het nie, vermoed hulle dat dit iemand is wat die area ken. Elize bieg dat hulle nie meer veel skape oor het nie en dat hulle gedurende die jaar altesaam 52 skape by hulle gesteel het. Leon Engelbrecht gaan aan om te vertel dat veediefstaal so erg is dat hy ’n “Farmranger” band (vee-alarmstelsel) aangeskaf het, maar die skape is gesteel voor hy dit kon gebruik.

Januariemaand het hulle ook ses dragtige beeste by Leon gesteel en geslag. Een se hakskeen was afgekap en die res was afgeslag. Pangas en messe was op die toneel gevind, maar die saak was in Maart afgehandel.

Intussen het die twee persone wat op 14 Mei gearrester was, op aanklagte van veediefstal in die hof verskyn vir ’n borg-aansoek. Moses Nhlapo het die borg opponeer, en borg is nie toegestaan nie. Die saak word verder ondersoek.



ALWYN WORD 70

Alwyn Swart het die 70 jarige herdenking van sy geboortedag op 21 Mei, saam met 70 familieleden en vriende gevier. Die feestelikeheid het al vroegdag afgeskop, waar die gaste met hul aankoms met ’n “Harvest Table” trakteer is. Middaget was ’n aansit driegangmaaltyd, wat voorberei is deur 2 spyseniers en sy suster, Magda. Eddie Jorge, ’n sanger van Johannesburg, het vir die musiek gesorg en spesiaal ’n lied aan Alwyn opgedra. Die verrassings het nie opgehou nie, want die “singende chef”, Johan, het ook sy deel gedoen deur ’n spesiale lied vir Alwyn te sing. Dis so jammer dat ’n mens hom nie meer op die opera- en konsertverhoë sien nie. Almal het die koudste dag van Mei trotseer en lekker saamgekuier tot laatmiddag. Baie



dankie aan elkeen wat die dag so besonder spesiaal vir Alwyn gemaak het. Ons dank ook aan ons Hemelse Vader vir die Groot Genade en dat Hy nog steeds Sy Hand oor hom hou, elke dag! Dit was ’n prentjie-mooi, uitsonderlike dag, wat elkeen nog lank gaan bybly!

Die Herberg Hotel bied aan:
Manne aand met
PIETMAN GELDENHUYS
15 Julie 2022 te ORANJEVILLE



R4000 per tafel (10 mense)
Ete ingesluit
Bespreek by Pieter:
016 351 1673

NUWE HEMPIES VIR DIE BULLETJIE RUGBYSpan



Die Bulletjie rugbyspan is hier uitgevat in hul nuwe hempies vir die Hoërskool Heilbron Wintersportdag, danksy die maatskappy Africa Turbo. Van links na regs; Chris Lotter, Tommie Rietchard, Stroebel Rossouw, Jacobus du Plooy, Darius Roos, Gerdus Engelbrecht, Lean Bornman, Hanro Naudé, Jacobus Boshoff, Jan-Carl Roux, Sias Jansen van Vuuren en MJ Bobbert.

0/11'S SPOG MET NUWE TASSE



Die onder 11 netbalspan spog met nuwe tasse wat deur Shaun Hayward geborg is. Van links na regs: Shaun Hayward, Shamoné Ribeiro, Elzeri Combrink, Chrisanle Boshoff, Kayla Hayward, Chrizzette Greeff, Riëtte Steyn, Tanika Claasen, Elsené van der Merwe en Tanya Claasen (Afrigter).

KOM EEN, KOM ALMAL NA DIE
BASAAR VAN DIE AP KERK HEILBRON
weedestraat • Vegkop Uitbreiding • Heilbr

AKTIWITEITE: **Fietswedren**
Kontak Jolene Engelbrecht 072 126 4

- * Maalvleis @ R75 per kg
- * Wors @ R80 per kg
- * Biltong @ R220 per kg
- * Beessnitte ook beskikbaar.

ERDAG
UNIE

10:00

RIBBURGERS, SOSATIES,
PANNEKOEK, JAFFELS, GEBAK
EN VELE MEER...

Vir meer inligting kontak
Stoffel by 071 677 2602



KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

DIENTE

SMALLS

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **DELPORT**
First names: **PETRUS HENDRIK**
Estate number: **4257/2022**
Identity/passport number: **451226 5012 088**
Date of death: **24/03/2022**
Last address: **Plot 164, Nedersetting, Koppies**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
First names and surname of surviving spouse: **HERMINA SUSANNA DELPORT**
Identity/Passport Number: **510214 0095 083**
Name and address of Executor or Authorised Agent: **CORNELIUS & PARTNERS INC**
P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650
40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650
E-MAIL: **aktesb@coven.co.za**
TEL: **058 852 2035**
REFERENCE: **AA SCUTTE/lm**
DATE SUBMITTED: **2022/05/24**
PUBLICATION DATE: **2022/06/03**

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **MOKUBUNG**
First names: **RANTEBALENG DAVID**
Estate number: **002490/2022**
Identity/passport number: **730816 5483 082**
Date of death: **11/08/2021**
Last address: **4708 Phiritona, Heilbron, 9650**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
First names and surname of surviving spouse:
Not applicable
Name and address of Executor or Authorised Agent: **CORNELIUS & PARTNERS INC**
P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650
40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650
E-MAIL: **aktesb@coven.co.za**
TEL: **058 852 2035**
REFERENCE: **AA SCUTTE/jf**
DATE SUBMITTED: **2022/05/23**
PUBLICATION DATE: **2022/06/03**

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron



EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

Form JJJ

LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **TITLE DEED NUMBER T9228/2013** passed by **JERRY FOX CHEMIKALIEË CLOSE CORPORATION**, Registration Number: CK 1997/000223/23 in favour of **CORNELIUS JOHANNES LEONARD CRAUSE**, Identity Number 540505 5212 084, married out of community of property in respect of certain 1. Erf 1047 Heilbron (Extension 15), district Heilbron, Province Free State, Measuring: 990 (Nine Hundred and Ninety) Square Meters held by deed of transfer T9228/2013 which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Hoopstad on this 2th day of May 2022.
APPLICANT RHONA LORETTA DIETRICHSEN JAC N COETZER INC.
28 HOOFD STREET, HOOPSTAD, 9479
rhona@jaccotetzer.co.za
053 444 1886

Vorm JJJ

VERLORE OF VERNIETIGENDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T5629/1958** gepasseer deur **DIE EKSEKUTEUR VAN WYLE MARIA MAGDALENA DELPORT EN GHRISTOFFEL LOTTER DELPORT** ten gunste van **PETRUS HENDRIK DELPORT** en **LEWIS JOHANNES DELPORT** ten aansien van sekere **ERWE 186 , 562, 734, 119, 120 en 211 Kopjes** **Besproeiingsnederstelling, distrik Koppies, Provinsie Vrystaat** wat verlore geraak het of vernietig is. Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Koppies op hede die 31ste dag van Mei 2022.
(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS EN VENNOTE INGELYF KERKSTRAAT 26A KOPPIES, 9560**
TEL 056 777 1884

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

058 513 1047

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Silma herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
- Hendie heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Vorm JJJ

VERLORE OF VERNIETIGENDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T5627/1974** gepasseer deur **MARIA JOHANNA ALIDA DELPORT** ten gunste van **PETRUS HENDRIK DELPORT** ten aansien van sekere **ERWE 186, 562, 734, 119, 120 en 211 Kopjes** **Besproeiingsnederstelling, distrik Koppies, Provinsie Vrystaat** wat verlore geraak het of vernietig is. Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Koppies op hede die 31ste dag van Mei 2022.
(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS EN VENNOTE INGELYF KERKSTRAAT 26A KOPPIES, 9560**
TEL 056 777 1884

Buy-a-Bale
Make Your Own Cash!

Imported European Quality Sheep Bale

BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!

Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769

Call SYDNEY now!
072 885 1999

sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za

WE DELIVER COUNTRY WIDE

OVERCOATS



SUNDAY
19JUNE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BLOEDSKENK DATUMS - 2022

26 Julie 2022
27 September 2022
29 November 2022

save life @blood

ROSSOUW'S PANELBEATERS CC

Vakante betrekking
Rossouw's Paneelkloppers, Frankfort

- Gekwalifiseerde paneelklopper met ten minste 10 jaar ondervinding
- Trots op werk
- Moet onder druk kan funksioneer
- Goeie gesondheid
- Verwysings sal nagegaan word
- 3 maande se vorige betaalstrookies
- Salaris onderhandelbaar
- Skoon polisierekord

Stuur CV na:
torso.unique777@gmail.com

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

TE KOOP

1 x Spinfiets @ R2 500
1 x Next Generation Powerplate @ R17 500.
Albei baie goeie toestand.
Skakel Frik
083 629 3281

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
Hendie Lötter
by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

PLOEG SEMOER

Egite

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

HEILBRON ROLBALKKLUB NUUS

Heilbron Rolbalkklub se vyf spelers wat deurgedring het na die finale enkels in die Noord-Vrystaat, neem Saterdag 4 Junie deel in Welkom. Rudi Jacobs, Tracy Jacobs, TL de Waal, Hannalie Claassen en Henrichett de Waal sal die klub verteenwoordig. Die klub wens hulle alle sterkte toe en vertrou dat dit sal goed gaan. Die koue weer skrik nog nie die spelers af nie en Woensdae en Saterdag se opkoms is

nog baie goed. Die klub beplan ook die 16de Junie 'n sosiale dag met 'n lekker potjiekos kompetisie en kos sal te koop wees.

Hou ons Facebook blad dop vir meer besonderhede.



hp
Ink Printer Cartridges available at Herald Office Mailbox

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

STUDENT DESK SPECIAL

Office National

now in stock for only **R1690**

Hoe om beter te SLAAP...

Natuurlike Hulpmiddels

058 852 3033

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

Winter R65
Fozzi's Foam Assorted Foam Gun

R109
Elektra Hot Water Bottle Pink or Blue or Red

Choice Tissues
Pharmacist's Choice 300 White 2ply tissues **R19**

063 721 4950 087 527 0723
11 Westworth Street, Westworth, Johannesburg

Koppies Internet

Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plekke.

Kontak ons vir enige navraag of bystand: 068 338 2916

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 6 JUNIE 2022

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 7 JUNIE 2022

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

REITZ: LANGLEY & NONNIE TULI STOET
177 Beeste
11:00, Avoca, Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WOENSDAG - 8 JUNIE 2022

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

PAUL ROUX: BLOUKRUIJN LANDGOED
1200 Sussex tipe boerbeeste
11:00, plaas Bultfontein
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

DONDERDAG - 9 JUNIE 2022

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DANIËLSRUS Twee-maandelikse veiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164

VRyDAG - 10 JUNIE 2022

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za

BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

J.C.J. SWEISWERKE

Tel: 082 967 3496

Whatsapp: 076 888 5739

KERKSTRAAT 19, KOPPIES, 9540



Ons doen alle sweiswerke, groot of klein.

We do all weldingworks, big or small.

WESWELD
DIE BESTE BOD

BESTUURDER
P.L. Müller
068 966 9348

AFSLAER
Ian Grobelaar
068 965 6207

Frankfort/Roadside/Cornelia

Corjan de Jager
079 586 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside

Fanie vd Merwe
082 494 3177

Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 489 7424

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
061 180 5882

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Pete Gillemaire
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville

Wesweld
Groenewald
082 569 7285

JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)